**Van der Walt, B J – Godsdiens en samelewing / Religion and society**

Uitgewers: Potchefstroomse Instituut vir Reformatoriese Studies, PU vir CHO. Afrikaanse weergawe 148 bladsye. Prys R35-00. Engelse weergawe. 86 bladsye R25-00

**Resensent: Dr J C van der Merwe**

Met hierdie bundel opstelle spreek Van der Walt 'n baie geldige vraag aan, naamlik: Watter rol behoort die Christelike godsdiens in ons samelewing te speel?

Die vraag wat hy probeer beantwoord is: wat is die korrekte verhouding as dit kom by Christelike godsdiens en samelewing? Volgens hom is daar drie vereistes waaraan ons moet beantwoord om te verseker dat ons Christelike geloof wel 'n rol in die samelewing sal vervul: Ons het God se wil nodig. Hy onderskei tussen ons gebrekkige Christelike godsdiens aan die een kant en God se wil soos wat dit geopenbaar is in die skepping en in die Skrif aan die ander kant. Ons het verder 'n Christelike lewensvisie nodig. Hierdie lewensvisie kry gestalte in 'n lewe *coram Deo*. En daarmee saam het ons 'n Christelike lewensfilosofie nodig. Vir hom bied die evangelie nie slegs geestelike "klere" en "skoene" nie; dit bied ook sosio-politieke "klere" en "skoene". Hy is daarvan oortuig dat die Woord van God ons nie slegs van nagklere vir ons persoonlike, religieuse lewe of kerkklere vir Sondag voorsien nie, maar ook werksklere vir ons alledaagse lewe in die samelewing. Hoe hierdie "werksklere " moet lyk, kan alleen 'n Christelike samelewingsbeskouing vir ons duidelik maak.

In die bestek van ses hoofstukke beredeneer Van der Walt dan op sy kenmerkend uitdagende wyse hoe bogenoemde moontlik is. Die hoofstukke is: 1. 'n Nuwe Christendom vir 'n nuwe Suid-Afrika. 2. Christelike perspektiewe op die samelewing. 3. 'n Christelike visie op die politiek. 4. 'n Christelike perspektief op fundamentele regte. 5. Die neo-liberale, kapitalistiese ideologie van ontwikkeling. 6. Die Christelike geloof en ander godsdienste. Die hoofstukopskrifte is prikkelend genoeg en bied bowendien baie nuttige stof op grond waarvan oor die kerk se taak en roeping besin kan word. 'n Mens hoef hoegenaamd nie in alles met Van der Walt saam te stem om by die lees van hierdie opstelle tot positiewe nadenke en gesprek geprikkel te word nie.

Ek wil die bundel opstelle ten sterkste aanbeveel. Die feit dat daar ook 'n Engelse weergawe beskikbaar is maak die leserspubliek wat dit verdien soveel groter. Daar is egter twee sake wat hinderlik is. Die eksemplaar wat ek ontvang het, is swak gebind. Die bladsye het na enkele kere se gebruik maklik losgekom. Die spel/tikfoute, al is dit nie baie, nie is nogtans hinderlik en doen werklik afbreuk aan 'n werk van hierdie gehalte. Enkele voorbeelde is: *word* in plaas van *woord* bls 4, *staatsuniversiteit* in plaas van *staatsuniversiteit* bls 33, *belangte* in plaas van *belang/e* bls 78; *beleit* in plaas van *bepleit* bls 94. Dieselfde geld ongelukkig ook die Engelse weergawe voorbeelde hiervan is: *unciritically* in plaas van *uncritically* bls 9 *subsitute* in plaas van *substitute* bls 20. Ten spyte hiervan bly dit vir die tyd waarin die kerk opnuut oor sy roeping, rol en funksie moet besin 'n werk wat deur elke leraar en selfs ook deur elke ouderling en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

diaken gelees te word. Dit bied baie stof vir preekmaak asook inhoud vir sinvolle vergaderings waar die taak en roeping van die kerk ernstig opgeneem word.

In die voorwoord vermeld Van der Walt self die volgende: 'n Groot gedeelte van die stof in hierdie bundel opgeneem, word terselfdertyd in 'n meer omvattende werk *Visie op die werklikheid* (620 bladsye) gepubliseer. Aangesien dit 'n dik en duur boek is, sal dit nie deur baie bekostig en gelees kan word nie. Hierdie bundeltjie maak die materiaal rondom godsdiens en samelewing bekostigbaar en toeganklik vir 'n groter leserskring.